## **TUIMELTREIN –** RENÉ VAN ZYL

Abby, Jasper en Henri is in graad 11, is nie in dieselfde vriendekring nie en het net mooi niks in gemeen nie.

**Hoofkarakters:**

**Abby Mynhardt**

- Die **atletiese** IT-*girl*
- Nie die "girly" tipe wat bekommerd is oor grimering en rokkies nie.
- Kom uit 'n gebroke huis, haar pa is 'n versekeringsagent en het hulle verlaat. Hy het 'n skelm verhouding met 'n jonger vrou.
- Jasper beskou Abby as "high and mighty".
- Sy leer baie hard sodat sy 'n beurs kan kry om ná matriek te studeer.
- Sy help haar ma naweke met hondeversorging (dog grooming) by 'n plek met die naam Pet's Pamper.
- Sy het rooi hare.
- Volgens Jakkals is sy bedonderd.

**Jasper Barkhuizen**

- Die anarchistiese *gamer*
- Daar is gerugte dat hy dagga rook.
- Hy het grysblou oë.
- Volgens Jakkals is hy stout.

**Henri van Leempitte,** die flambojante *drama queen*

- Hy is skraal.
- Hy is baie kunstig.
- Hy het bruin oë en blonde hare.
- Hy wil 'n Broadway-ster word.
- Henri voel paniekerig. Hy het geen vriende wat hy kan kontak nie. Hy word geboelie by die skool en reken meeste kinders is oningelig oor ander wat gay is. Hy is 'n alleenloper.
- Hy doen klopdanse om sy gewig in toom te hou, want op laerskool was hy 'n vet kind – 'n "pokkeltjie".

**Maar** wanneer bogenoemde drie die ooggetuies van 'n moord is en dan deur die polisie verdink word, word hulle saamgegooi op 'n wilde tuimeltreinrit waartydens hulle moet vlug vir hul lewe. Hoe bewys hulle hul onskuld, veral as die werklike skuldige die skoolhoof is wat deur almal in die dorp vertrou word?

**Meneer Adrianus Vos (bynaam: Jakkals)**

Hoof van Magalies Hoërskool.

Vos is 'n ander naam/sinoniem vir Jakkals. Hy het die naam gekry omdat hy so skelm is. Iemand wat skelm is word 'n jakkals genoem.

Henri beskryf hom as homofobies.

**Izzie, die roomysverkoper**
Kaalkop man met ’n rooi litteken oor sy kop.
Hy word doodgeskiet deur mnr. Vos, die hoof.

**Hoofstuk 1** **Abby –** Die moord

**Karakters: Abby,** Jasper, Henri, **Jakkals, Izzie**
**Ruimte:** Magaliesberg Eco Village sekuriteitskompleks waar die drie woon; Magaliesberg Hoërskool
**Tyd:** Teenwoordige tyd. Oktober. Vrydag.

- **Juffrou Makou** (LO-juffrou) het vir hulle ’n **projek gegee om te doen:** ’n **Halloween-stalletjie.**
- Die tema is Halloween, want die **volgende Saterdag** is dit Lentefees en dit val presies op **31 Oktober.**




https://assets.editorial.aetnd.com/uploads/2009/11/halloween-gettyimages-1424736925.jpg


- Blykbaar het die fees sy **oorsprong** by die Middeleeuse Christene om All Hallows’ Eve te vier. Dit is die aand voor All Saints Day. Die grafte van die dooies word besoek om hulle lewens te vier.
- Dit is ook ’n fees wat die **einde van die Keltiese somer** vier. Dit was ’n stryd tussen winter en somer, dood en lewe. Daarom al die geraamtes, hekse, ens.
- Jasper sê dat hy by die **Church of the Flying Spaghetti Monster** wil aansluit. Hulle dwing blykbaar minder reëls as gewone kerke af. Hulle aanvaar almal, eet graag pasta en glo dat daar in die hemel biervulkane is.





https://encrypted-tbn0.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcRLX8fcW1NHYvEfSAx5YPefp6y8Q-EsSGSe6Q&s

- **Abby** stel voor hulle moet toffieappels maak. Henri haat die gedagte.
- **Jasper** stel voor hulle moet “pellet gun” skiet met die hoof se gesig as teiken, maar juf. Makou haat geweld en sal hulle diskwalifiseer.
- Tweede voorstel van Jasper: ’n Bokskryt en almal kan teenmekaar boks.
- Abby se tweede voorstel is dat hulle diere “groom”.
- **Henri** stel voor dat hulle foto-borde ontwerp en ’n opening vir die gesig laat en jy kan jou kop daardeur steek. Mense kan foto’s neem. Hulle besluit dat hy die borde sal ontwerp. Hulle banier se ontwerp moet goed wees.
- Henri onthou oom Willie het ’n videowinkel gehad en hy het nog van daardie “pop-up” plakkate gehad.

Terwyl hulle aan die projek moet werk hoor hulle die gelui van ’n **roomysbussie.** Abby wil roomys koop.

- **Mnr. Adrianus Vos (sy bynaam is Jakkals)** is vroeg by die huis, maar as hy hulle sien, is **hulle in die moeilikheid want hulle *bunk* klasse (hulel draai stokkies).**
- **Izzie is die roomysverkoper**. Hy is ’n **kaalkop man met** ’n **rooi litteken op sy kop**. Hy klim uit die bussie. Dit is duidelik dat hy ’n argument met die skoolhoof het.
- **Uiterlike konflik. Die motoriese moment:** Dan is daar **drie pistoolskote**. **Izzie val**, skaars vyftien meter van hulle af.
- Dan besef Jakkals dat die **drie tieners ooggetuies van die moord** was. Hy lig sy pistool om hulle ook te skiet.
- Die drie tieners **vlug** en Jakkals skiet skote agter hulle aan. Hulle spring oor ’n muur.
- **Abby** besef sy het haar sak met haar **selfoon in hulle motorhuis (garage) agtergelaat.**
- Jakkals probeer hulle paai om uit te kom. Hulle besef dat Jakkals nou van hulle **almal ontslae wil raak** (get rid of).
- Abby stel voor dat hulle vir eers by ’n **leë huis se erf in ’n boomhuis moet skuil.**
- **Johannes** stop met sy bakkie. Hy is van **die buurtwag** en Jakkals stel hom in kennis **dat drie skoolkinders die roomysman Izzie geskiet het.** Die hoof beskryf aan Johannes dat die kinders in sy skool is en dat **Jasper stout** is, **Abby** ’n **bedonderde rooikop** is en dat **Henri ’n gay-mannetjie** met blonde hare is.

1.1 Verduidelik die moontlike oorsprong (origin) van Halloween.

1.2 Waarom sou Jasper by die vreemde kerk wou aansluit (join)?

1.3 Juf. Makou gee vir hulle'n projek om vir die Lentefees/Halloween te doen. Noem van die voorstelle (suggestions) wat hulle gee.

1.4 Beskryf **die motoriese moment** in die verhaal. Dit kan ook beskou word (be perceived as) as die eerste konflik wat in *Tuimeltrein* plaasvind.

1.5 Watter groot probleem het die tieners met die situasie wat volg?

1.6 Hoe beskou die hoof (mnr. Vos) die spesifieke leerders wat in sy skool is? Dit kan ook na sekere karaktertrekke van die leerders verwys (refer).

1.7 Die hoof is **die antagonis** in die verhaal. Verduidelik waarom jy so dink deur na sy karakter sover te verwys.

**Hoofstuk 2** **Jasper –** Van boomhuis tot grot.

**Karakters: Jasper,** Abby, Henri, **Jakkals**
**Ruimte:** Magaliesberg Eco Village, boomhuis, Magaliesberge

- **Jakkals se agtergrond:** Jakkals is al **twintig jaar skoolhoof by Magaliesberg Hoërskool**. Hy is 'n **gesiene mens** in die gemeenskap. Hy dien op die **buurtwag, polisieforum, en pannekoekspan van die Hervormde kerk.**


Kopiereg voorbehou

 

https://content.instructables.com/FI1/GXE4/FYTCM8OR/FI1GXE4FYTCM8OR.jpg?auto=webp&frame=1&width=320&md=MjAxNC0wNi0xMSAwNTozMDoyNC4w
https://www.salterspiralstair.com/wp-content/uploads/2021/11/1_9.jpg

- Dit gaan die **skoolhoof se woord teen hulle s'n** wees.
- **Nie een van die tieners het hulle selfone by hulle nie**, maar dan kon hulle **opgespoor** word deur die polisie.
- Dit blyk dat sy Vrydae langs Bartlo Bekker sit en dat sy ingenome met die feit is. Jasper weet dat Bartlo goed in rugby is, maar beskryf hom as 'n grotman. Henri sê dat Bartlo meisies net vir een ding gebruik. Abby voel verleë oor die kritiek, maar Jasper besef dat rugbyspelers vir meisies sexy is.
- Hulle besef dat die polisie ook na hulle gaan begin soek.
- **Uiterlike konflik: Hulle wonder wat Izzie aan Jakkals gedoen het. Hy was "execution style"** (teregstelling-styl) **geskiet.**
- **Izzie** word beskryf as 'n **tronkvoël. Hy was ook in die weermag** voor die tronkstraf. Daar was gerugte dat hy dwelms aan kinders verkoop het.
- Henri is bang dat hy Boys Town toe gestuur kan word en dat hy daar misbruik kan word.
- Hy stel voor dat hulle self na die polisie moet gaan, maar Jasper sê 'n skoolhoof sal eerder geglo word en buitendien is die polisie korrup.
- **Polisiemotors daag by die misdaadtoneel op.**
- Toe Jasper voorstel dat hulle 'n motor moet steel om te vlug, hou Henri 'n T-rex-poppie vas, wat hy verlate in die boomhuis gekry het, om hom te kalmeer.
- Jasper vra of **Abby se ma** haar sal glo en sy sê haar ma **sal haar raad gee om na die polisie toe te gaan en alles te verduidelik**
- **Innerlike konflik: Henri se pa,** daarenteen, sal hom **oorgee.** Sy **pa is in die staande mag** en hy **haat Henri omdat hy gay is**. Sy pa het Henri nooit aanvaar nie. Hy haal die woorde van Lady Gaga se lied "Born this way" aan.
- Hy sê dat **sy ma nie sy kant gaan kies** as sy dink dat hy aan iemand se moord skuldig is nie. Sy ma is ook bang vir sy pa.
- Henri is ook op skool deur **"queer-haters" geboelie**